# Verslag oor 'n buitelandse studiereis
## 17 Oktober tot 2 November 2000



Historiese geboue in Southamptonstraat naby die
Britse Museum in London, Oktober 2000

**A Meyer**

Departement Antropologie en Argeologie
Universiteit van Pretoria

# Inhoud

1. Bydraes en bedankings **3**

2. Akademiese agtergrond **4**

3. Reisprogram **4**

4. Britse Museum, London **5**

5. Oxford en Cambridge **5**

6. Universiteit van Kentucky **6**

7. Universiteit van Twente **6**

8. Gevolgtrekkings en aanbevelings **7**

9. Bylae 1 **8**

10. Foto's **9**

# 1. Bydraes en bedankings

Die studiereis is moontlik gemaak deur die bekwame ondersteuning van verskeie persone.

**Universiteit van Pretoria**

Prof JB Hartman was die inspirasie vir die studiereis en bron van waardevolle advies. Die Fakulteit Geesteswetenskappe het die koste gedra van die internasionale en plaaslike vlugte. Dr André Breedt het namens die Departement Bemarkingsdienste bygedra tot die finansiering van hotelverblyf naby die Britse Museum. Sian Tiley en Johan Nel was verantwoordelik vir die verpakking van die goue kultuurvoorwerp van Mapungubwe, reëlings vir die vervoer daarvan na London en die restourasie daarvan deur die Britse Museum. Supersoniese Reise het die vlugbesprekings hanteer. Annette Weitz en haar studente het departementele verpligtinge waargeneem.

**Britse Museum**

Dr Andrew Oddy het soos in die verlede namens die Britse Museum waardevolle ondersteuning aan UP gegee. Marilyn Hockey is ‘n ou bekende wat voorheen van die belangrikste goue voorwerpe van Mapungubwe gerestoureer het en hiermee sal voortgaan. Haar hulp en gasvryheid in London het ‘n besonder druk werksprogram ‘n aangename werklikheid gemaak.

**Oxford en Cambridge**

Professor Ray Inskeep en sy eggenote Adi is gewaardeerde vriende wat verblyf by hulle aan huis te Oxford verskaf het. Ray het opbouende kritiek en kundige advies gelewer oor die rigting en standaarde van argeologiese navorsing. Die gasvryheid, ondersteuning en voorstelle van dr David Phillipson het gelei tot ‘n nuwe verbintenis tussen UP en die Universiteit van Cambridge. Dr Peter Mitchell van UC en sy nagraadse student Fumiko het ‘n opbouende gesprek gevoer oor argeologiese navorsing in Suid-Afrika.

**Universiteit van Kentucky**

Prof John van Willigen was gasheer en organiseerder van die studiebesoek te Kentucky. Uit die aangename verblyf by John en sy eggenote Jackie aan huis het vriendskapsbande ontwikkel. Personeel van die Departement Antropologie het insiggewende inligting verskaf. Douglas Boyd was behulpsaam met internasionale akademiese skakeling. Personeel van die biblioteek- en inligtingsdiens van UK het hulp verleen met rekenaar- en Internetfasiliteite.

**Universiteit van Twente**

Prof Piet Kommers was gasheer en organiseerder van ‘n toekomstige gesamentlike opleidingsprojek. Die uitgebreide gesprek met hom het die basis gelê vir navorsing oor onderrigmodelle en samewerking tussen studente. Die Konferensiehotel Drienenburgh by UT het die noodsaaklike verblyf en kommunikasiefasiliteite verskaf.

Terug na Inhoud

## 2. Akademiese agtergrond

Die studiereis waaroor hier verslag gedoen word, is deel van'n loodsprojek vir 'n voorgestelde internasionale program vir navorsing en opleiding in Argeologie (vgl. Bylae 1). Dié program vloei voort uit die Mapungubweprojek van UP en uitkomsgebaseerde telematiese onderrig. Die doel van die besoek was die ontwikkeling van 'n akademiese netwerk tussen UP, geselekteerde buitelandse universiteite en museums ter bevordering van internasionale navorsing en opleiding in Argeologie.

Terug na Inhoud

## 3. Reisprogram

Die studiereis waaroor hier verslag gedoen word, is onderneem van 17/10/2000 tot 02/11/2000.

**a. Brittanje**

***18/10-20/10***
London
Oorhandig goue bak van Mapungubwe vir restourasiedoeleindes aan die Britse Museum. Ontmoetings met museumpersoneel. Besigtig die uitstallings en 'n restourasie-laboratorium van die BM. Ontmoeting in London met prof Ray Inskeep van Oxford en dr David Phillipson van die Universiteit van Cambridge.

***20/10-22/10***
Oxford
Gaan tuis by prof Ray Inskeep. Ontmoeting met dr Peter Mitchell van die Universiteit van Cambridge en sy nagraadse student. Besigtig historiese geboue, veral universiteits-kolleges en Middeleeuse boustrukture te Oxford.

**b. VSA**

***23/10-26/10***
Lexington, Kentucky
Ontmoetings met prof John van Willigen en ander personeel van die Departement Antropologie asook personeel van die Inligtingsdiens van die Universiteit van Kentucky. Lewer 'n uitnodigingslesing oor Mapungubwe. Besoek die biblioteek, museums en argeologielaboratorium van UK.

**c. Nederland**

***26/10-01/11***
Breugel en Enschede
Naweekbesoek aan Breugel en kampusbesoek aan die Universiteit van Twente te Enschede. Ontmoeting met prof Piet Kommers by UT.

Terug na Inhoud

## 4. Britse Museum, London

Die goue bak van Mapungubwe is namens UP aan die Britse Museum oorhandig vir verdere gespesialiseerde behandeling en stabilisering daarvan in die goed toegeruste laboratorium by die BM (figure 1-10). Die werk sal na verwagting teen die einde van 2001 voltooi wees waarna die bak permanent by UP uitgestal sal word. Die restourasiewerk sal deur Marilyn Hockey van die BM gedoen word in opvolging van die werk aan die goue voorwerpe wat reeds by UP deur haar gedoen is.

Gesprekke is by die BM gevoer met Marilyn Hockey en dr Andrew Oddy oor museumgerigte bewaring, navorsing, opleiding en kultuurvoorligting aan die gemeenskap. Dr Oddy het voorheen wetenskaplike artikels gepubliseer oor die tipologiese kenmerke en wyse van vervaardiging van goue kultuurvoorwerpe van Mapungubwe en Zimbabwe.

Moontlike toekomstige samewerking tussen die BM en UP ten opsigte van afdstandonderrig en die wedersydse benutting van kultuurinligting is vermeld. Die BM beskik nou oor ‘n eie webblad met die naam *Compass*. Die BM fokus op uitreikprogramme met die klem op skoolopvoeding. Intensiewe bemarking van die BM word tans gedoen deur ‘n eie bemarkingsafdeling. Die opvoedkundige afdeling van die BM is verantwoordelik vir die georganiseerde besoeke deur skoolleerlinge aan die uitstallings.

Museumaspekte wat besigtig is, is bergingstegnieke (figure 11-19), uitstallings (figure 20-25), brosjures en die museumwinkel waarin veral ‘n verskeidenheid populêr-wetenskaplike boeke te koop is.

Dr John Mack, hoof van die Antropologie-afdeling by die BM wat ook gemoeid is met kultuurgoedere van Afrika, was nie beskikbaar vir gesprekvoering nie maar het later sy waardering en belangstelling per brief vermeld.

Terug na Inhoud

## 5. Oxford en Cambridge

Gesprekke met prof Ray Inskeep en dr David Phillipson (figuur 26) het gehandel oor argeologiese veldwerk en tipologie, Mapungubwe, Zimbabwe, navorsing deur dr Phillipson oor ‘n ou beskawing in Oos-Afrika, akademiese standaarde in die Argeologie, professionele etiek, Britse universiteitskolleges en lidmaatskap van die Britse Instituut in Oos-Afrika. Historiese argitektuur in Oxford is besigtig (figure 27-30).

Op uitnodiging van dr Phillipson sal by die Universiteit van Cambridge aansoek gedoen word vir ‘n navorsingsgenootskap vir 2002. Na aanleiding van ‘n voorstel deur prof Inskeep sal die genootskap benut word om ‘n boek oor die argitektoniese strukture van Mapungubwe gedurende 2002 te publiseer. Aanvullende etnografiese navorsing vir doeleindes van die publikasie sal vooraf op historiese Venda-woontereine gedoen moet word.

Dr Peter Mitchell van UC en sy nagraadse student Fumiko het ‘n opbouende gesprek gevoer oor nagraadse argeologiese navorsing in Suid-Afrika, wetenskaplike publikasies en ‘n koöperatiewe studieprogram van studente van UP en UC. Fumiko stel daarin belang om met Annette Weitz van UP saam te werk ten opsigte van navorsing oor die Ystertydperk in die Kruger Nasionale Park en Swaziland.

Die Britse argeoloë het steeds belang by argeologiese navorsing in Afrika en stel besonder belang in Mapungubwe. Hulle skryf die gepubliseerde UP-verslag oor Mapungubwe hoog aan, maar is bekommerd oor sommige standaarde van die argeologiese navorsing, opleiding en etiese gedrag in Suid-Afrika. Hulle beklemtoon veral die noodsaaklikheid van deeglike basiese navorsing en opleiding asook publikasies met duidelike illustrasies en uiteenseting van metodologie.

Terug na Inhoud

## 6. Universiteit van Kentucky

By die Universiteit van Kentucky was prof John van Willigen gasheer (figuur 37) en organiseerder van ontmoetings met verskeie personeellede van UK. Gesprekke is gekonsentreer op aspekte van Afrika, kontrakargeologie, navorsingsprogramme, kultuurhulpbronbestuur, versameling- en argiefbestuur (figure 32-36) en ‘n akademiese opleidingsmuseum. Belangrike fasette hiervan is die bewaring, digitering en bestudering van ou versamelings met behulp van moderne tegnieke, saamstel van ‘n tydlyn vir kultuurperiodes in ‘n geografiese gebied, byhou van federale rekords van vindplekke en versamelings asook bestudering en digitering van veldwerkrekords. Insiggewende bydraes is in hierdie verband gelewer deur Proff Peter Little, Dick Jefferies en Donald Linebaugh asook Dr Jim Fenton.

Prof Van Willigen het die noodsaak van ‘n samewerkingsooreenkoms tussen UP en UK beklemtoon. Douglas Boyd het inligting verstrek oor die internasionale akademiese samewerkingsooreenkomste van UK. Rob Aken en Judy Wiza was verantwoordelik vir voorligting oor die biblioteek- en inligtingsdiens van UK asook die rekenaarfasiliteite vir die uitnodigingslesing oor Mapungubwe. Tydens die lesing is die aanbieding van die Mapungubwe-kioskprogram van UP op CD_ROM vir die doeleindes van voorligting en kritiese evaluering met entoesiasme ontvang deur personeel en nagraadse studente van UK.

‘n Vergadering is bygewoon waartydens ‘n program vir nagraadse telematiese opleiding by UK geloods is. Belangrike aspekte wat bespreek is, sagtewareformate, prosedures, waarborge en periodieke migrasie van bestaande inligting na nuwe programmatuur.

Terug na Inhoud

## 7. Universiteit van Twente

‘n Uitgebreide gesprek met Prof Piet Kommers het gehandel oor uitkomsgebaseerde opleiding en standaarde, koöperatiewe leer, die aanwending van kultuurhistoriese argiefrekords in gemeenskapsvoorligting, die ontwikkeling en evaluering van ‘n nuwe onderrigmodel, telematiese onderrig en gesamentlike onderrigontwikkeling deur UP en

UT. ‘n Demonstrasie is bygewoon van ‘n internasionale videogesprek op die Internet wat deur UT aangebied is.

Prof Kommers het reeds dié gesprek opgevolg met die formulering van idees oor onderrigontwikkeling en die identifikasie van ‘n doktorale student van UT wat met UP kan saamwerk oor die ontwikkeling van ‘n internetgebaseerde inligtingportaal vir telematiese opleiding. Hy het per epos versoek dat spoedig met die gesamentlike werksprogram voortgegaan moet word.

Terug na Inhoud

## 8. Gevolgtrekkings en aanbevelings.

Die personeel van die buitelandse universiteite en Britse Museum wat besoek is, stel daarin belang om met UP saam te werk ten opsigte van

- samewerkingsooreenkomste;
- vakinhoude en opleidingstandaarde;
- akademiese inligting- en netwerkontwikkeling;
- argeologiese navorsingsprojekte;
- ontwikkeling van uitkomsgebaseerde en telematiese onderrig;
- navorsingsgenootskappe; en
- koöperatiewe nagraadse studieprogramme.

Dit word aanbeveel dat UP

- waar nodig tersaaklike samewerkingsooreenkomste sluit met die genoemde universiteite en die Britse Museum vir die termyn 2001-2005;
- die inisiatief neem met die saamstel van ‘n internasionale akademiese werkgroep vir nagraadse projekte, opleidingstandaarde en onderrigassessering in die Argeologie;
- voortgaan met die ontwikkeling van ‘n webgebaseerde inligtingportaal vir kultuurhistoriese databasisse met die ondersteuning van die inligtingdienste van die onderskeie universiteite en die Britse Museum;
- ondersteuning gee aan ‘n uitruilprogram vir studente, navorsingsinligting via akademiese inligtingsdienste en genootskappe in die argeologie;
- deur middel die Argeologie en Antropologie aan UP ‘n internasionale fasiliterende rol in Afrika speel;
- die ontwikkeling van die voorgestelde INOA-program ondersteun ter bevordering van etno-argeologie in Afrika; en
- steun verleen vir nagraadse projekbefondsing deur die NRF, die Andrew W Mellon-Stigting by UP en aansoeke om toekennings deur die Fulbright-Stigting in die VSA.

Terug na Inhoud

Bylae 1

## Die INOA-program

Die *INOA-program* (Internasionale Navorsing en Opleiding in Argeologie) is ‘n voorgestelde akademiese program wat bestaan uit kultuurdokumentasie, uitkomsgebaseerde opleiding, ‘n ondersteunende inligtingstelsel en ‘n internasionale inligting- en studentenetwerk. Die program vloei voort uit die Mapungubweprojek van UP, nasionale wetgewing oor die integrering van die kultuurerfenis van Afrika in moderne onderrigprogramme en die potensiaal vir kultuurtoerisme. Die besondere betrokkenheid van UP by kultuurerfenisse soos Mapungubwe en rotskuns posisioneer UP om ‘n besondere internasionale kultuurbydrae in Afrika te lewer.

Die *doel* van die program is die bevordering van interaktiewe databasisse, inligtingstelsels en interdissiplinêre onderrig ten opsigte van die kultuurerfenisse van die mens, in samewerking met geselekteerde internasionale universiteite en museums asook belanghebbende institute, staatsdepartemente en die sake-omgewing.

Die *samestelling* van die program word met behulp van samewerkingsooreenkomste met ander universiteite vasgestel en sal bestaan uit verskeie nagraadse opleidings- en navorsingsprojekte.

Die verwagte *uitkomste* van die program is die internasionale bevordering van akademiese standaarde, inligtingnetwerke en beroepstoepassings op die gebied van die kultuurhistoriese wetenskappe, onderwys, toerisme en erfenishulpbronbestuur.

Die *omvang* van die program het betrekking op die ontwerp, bestuur en evaluering van nagraadse opleiding en‘n ondersteunende digitale databasisnetwerk met behulp van inligting oor geselekteerde argiewe, mondelinge oorleweringe, kultuurversamelings en erfenisterreine.

Die *fokus* van die program is die ontwikkeling van ‘n internasionale, uitkomsgebaseerde onderrigmodel met die klem op telematiese onderwys en koöperatiewe leer, asook ‘n ondersteunende inligtingnetwerk wat gestruktureerde toegang verleen tot relevante bronne van inligting en databasisse wat oor die wêrels versprei is.

Die *modus operandi* van die projek word gebaseer op direkte projeknetwerkskakeling, ‘n werkspanbenadering, spesialiskonsultasie, praktykgerigte behoeftebepaling, ‘n uitkoms- en bronnegebaseerde onderrigmodel, koöperatiewe leer, tutorskap, akademiese genootskappe, ‘n akademiese uitruilprogram, onderrig- en inligtingtegnologie, internasionale assessering en fondswerwing.

‘n *Internasionale akademiese netwerk* vir kultuurhistoriese navorsing en opleiding ontwikkel tans tussen UP, die Universiteit van Kentucky, Universiteit van Cambridge, Universiteit van Twente en die Britse Museum.

*Internasionale befondsing* vir die program moet o.a. verkry word uit die Andrew W Mellon-Stigting by UP, die Fulbright-Stigting in die VSA, akademiese genootskappe, staatsondersteuning en borgskappe uit die Sakesektor.

Terug na Inhoud

# Foto's

## Britse Museum



**Foto 1**. Marilyn Hockey neem die goue bak van Mapungubwe in ontvangs en evalueer die toestand daarvan.
Terug na Inhoud



**Foto 2**. Heelwat gespesialiseerde konserveringswerk sal gedurende 2001 aan die Mapungubwe-bak gedoen moet word.
Terug na Inhoud



**Foto 3.** Die Mapungubwebak en ander metaalvoorwerpe in 'n beveiligde bewaarkamer van die Britse Museum.
Terug na Inhoud



**Foto 4.** Die voggehalte in die bewaarkamer word deur middel van vogreëlaars beheer.
Terug na Inhoud



**Foto 5.** Spesialis-konserveerders in die Britse Museum ondersoek 'n antieke beeld in hulle laboratorium.
Terug na Inhoud



**Foto 6.** Die konservering van kultuurvoorwerpe en materiale word met behulp van gespesialiseerde toerusting en chemikalieë in toegeruste laboratoriums gedoen.
Terug na Inhoud



**Foto 7.** Kultuurvoorwerpe word versigtig met handskoene op sagte kussingmateriaal hanteer.
Terug na Inhoud




**Foto 8.** ‘n Egiptiese beeldjie word noukeurig skoongemaak en die toestand daarvan gestabiliseer.
Terug na Inhoud



**Foto 9.** Dokumentasiefasiliteite, -standaarde en –prosedures in die Britse Museum word volgens internasionale vereistes bedryf.
Terug na Inhoud




**Foto10.** Marilyn Hockey besig met die opstel van 'n konserveringsverslag. Die Britse Museum kan ook op die Internet besoek word op die webblad van die Museum.
Terug na Inhoud



**Foto 11.** Kultuurvoorwerpe word in die bewaarkamer bewaar in oop plastiek-skuiflaaie ten einde die voggehalte, temperatuur en suurgehalte in die lokaal te beheer.
Terug na Inhoud



**Foto 12.** Die skuiflaaie word gemerk met behulp van etikette met inligting oor die kultuurvoorwerpe in die betrokke laai.
Terug na Inhoud



**Foto 13.** Kultuurvoorwerpe en –materiale word bewaar in en op suurvrye verpakkingsmateriale.
Terug na Inhoud



**Foto 14.** Kleiner voorwerpe langs mekaar word verpak in plat houers met suurvrye verpakkingsmateriaal.
Terug na Inhoud




**Foto 15.** Die herkoms- en identiteitbesonderhede van elke voorwerp word by die voorwerp aangeteken.
Terug na Inhoud



**Foto 16.** ‘n Islamitiese krygshelmet word op ‘n staander in die bewaarkamer gehou.
Terug na Inhoud



**Foto 17.** ‘n Naby-aansig van die gerestoureerde Islamitiese krygshelmet. Besonderhede van die historiese konteks, tipologie en ander kenmerke word deur deskundiges gedokumenteer en in wetenskaplike en populêr-wetenskaplike publikasies bekendgestel.
Terug na Inhoud



**Foto 18.** ‘n Gerestoureerde krygshelmet uit Noord-Afrika in gekontroleerde bewaringstoestande in die bewaarkamer.
Terug na Inhoud



**Foto 19.** Besondere kenmerke van voorwerpe soos hierdie krygshelmet moet tydens restourasie geïdentifiseer, gedokumenteer en bewaar word. Die kenmerke is onder andere die struktuur daarvan, wyse van vervaardiging, materiale wat gebruik is asook tipologiese kenmerke wat kenmerkend is van ‘n spesifieke kultuur, gebied en tydperk.
Terug na Inhoud




**Foto 20.** Monumentale kultuurkeppinge soos hierdie Sjinese beeldhouwerk word in die Britse Museum uitgestal.
Terug na Inhoud



**Foto 21.** Spesifieke versamelings soos hierdie Islamitiese kuns- en kultuurvoorwerpe word in verligte glaskaste uitgestal. Inligting oor die genommerde voorwerpe is in brosjures beskikbaar.
Terug na Inhoud



**Foto 22.** Die skadelike effek van vloervibrasies op kultuurvoorwerpe word verminder deur die stabiliserende effek van die hangblad waarop voorwerpe soos hierdie Islamitiese keramiekbak uitgestal word.
Terug na Inhoud



**Foto 23.** Inligting oor kultuurvoorwerpe soos hierdie celadonware uit die Sjinese Song Dinastie is van besondere belang vir navorsers en studente. ‘n Deskundige van die Britse Museum het voorheen fragmente van Song Celadonware wat op Mapungubwe gevind is, geïdentifieseer.
Terug na Inhoud



**Foto 24.** Die versameling kultuurvoorwerpe uit antieke Egipte wat in die Britse Museum gehuisves word, word druk deur skolegroepe en toeriste besoek. Deur middel van hierdie uitstalling word interessante en insiggewende inligting oor die mense en kulture van die Egiptiese beskawing aangebied.
Terug na Inhoud



**Foto 25.** Oorblyfsels van prehistoriese mense en kulture soos hierdie antieke graf uit Noord-Afrika demonstreer op 'n boeiende wyse aspekte van die vroeë geskiedenis van Afrika.
Terug na Inhoud

## Oxford



**Foto 26.** Dr David Phillipson van Cambridge (links) en prof. Ray Inskeep van Oxford (regs) in gesprek by die uitstalling van kultuurvoorwerpe uit die vroeë geskiedenis van Engeland.
Terug na Inhoud




**Foto 27.** Die Tom Toring met ingang na die Christ Church-Katedraal en Kollege in Oxford.
Terug na Inhoud



**Foto 28.** Die Radcliffe Camera leeskamer en biblioteek, deel van die nabygeleë Bodleian Biblioteek in Oxford. Dié biblioteek is die wêreld se grootste akademiese biblioteek met meer as ses miljoen boeke. Biblioteke en leeskamers is prominente akademiese fasiliteite by die kolleges
Terug na Inhoud



**Foto 29.** Die Angel-Saksiese toring is getuienis van Middeleeuse argitektuur in Oxford.
Terug na Inhoud




**Foto 30.** Die gerestoureerde Middeleeuse woning word bewaar as tasbare getuienis van vroeë sosiale en kultuurlewe in Oxford en terselfdertyd volhoubaar benut in ‘n moderne stadsomgewing
Terug na Inhoud



## Kentucky

**Foto 31.** Skoonmaak, merk en verpak van argeologiese vondstemateriale by UK.
Terug na Inhoud



**Foto 32.** ‘n Gedeelte van die argeologiese versameling van UK.
Terug na Inhoud



**Foto 33.** Die argeologiese katalogusrekords van UK.
Terug na Inhoud



**Foto 34.** Die Federale rekords van argeologiese vindplekke by UK.
Terug na Inhoud




**Foto 35**. Rekenarisering van argeologiese veldwerkrekords by UK.
Terug na Inhoud




**Foto 36.** John en Jackie van Willigen by hulle woning in Lexington, Kentucky.
Terug na Inhoud